



**NG Gemeente, Rietfontein-Suid, Pretoria**  
**Taakspan vir Kinders: Junior Kategese & Kleuterkerk**



**Sleutels vir Lewe**

**SLEUTEL 8 - Positiewe gees**

**Matteus 7:1 Moenie oordeel nie, sodat oor julle nie geoordeel word nie**

**Die wêreld sê:**

Wys mense altyd op hulle foute

**Jesus sê:**

Moenie ander oordeel nie

**Besprekingspunte**

Die wêreld sê dat jy aanmekaar ander se foute moet uitwys  
Bv. As iemand iets steel, sê: Jy gaan hel toe!  
Of: Moenie worry nie, hulle het baie en gaan dit nie eens mis nie  
Of: Moenie worry, almal doen dit!

As iemand iets verkeerd doen, moet jy met Jesus se liefde vir hulle reghelp / vermaan.  
Bv. Die Bybel sê ons mag nie steel nie. Kom ons vat dit terug en dra die gevolge.  
Alle keuses in die lewe het gevolge. Soms maak mens verkeerde keuses en moet dan die gevolge dra.  
Maar ons moet altyd seker maak van ons feite voordat ons sommer net ander veroordeel. Ons moet in liefde optree, want dis wat Jesus van ons verwag.

**Storie: Mak papegaai - sien hieronder**

**iets om huis toe te neem**

Plak 'n voëltjie vol vere. Skryf agterop: Moenie oordeel nie!

Mak papegaai:

'n Mak papegaai loop gewoonlik los in die huis rond. Die vensters word daarom altyd toe gehou. Eendag staan die een venster oop en die papegaai vlieg weg. Toe die vrou terugkom van die dorp af, sien sy die hond aankom met 'n veer in sy bek. Sy neem aan hy het die papegaai opgevrete en gryp 'n pantoffel om hom die pak van sy lewe te gee. Toe sit hy die papegaai voor haar neer (hy het hom gesien wegvlieg, gevang en terugbring!). Die vrou is baie jammer dat sy dadelik negatiewe en verkeerde afleidings gemaak het.

**Elke week**

Sleutels sluit iets oop ... Byvoorbeeld: Slotte, deure, kluipe, hekke, motors, skatkis, ens.

Dit verteenwoordig keuses waarvoor jy te staan kom in die lewe.

Jy het die keuse watter sleutel jy in die lewe gebruik om wat oop te sluit. Dit bepaal waarheen jy gaan, wat jy ontdek en die gevolge van jou keuse.

**Jesus se Sleutels vir Lewe verskil van die wêreld se sleutels.**

Wie is die wêreld?

Dit is nie net onbekendes nie. Dit is ook ons maats of vriende, partykeer grootmense wat ons leer ken. Eintlik is dit almal wat nie mooi verstaan dat Jesus se Sleutels vir Lewe anders is nie.

Wat is sonde?

Enigiets wat Jesus se hart seermaak.

**Alles vir God se goedkeuring en glimlag!**